

NG Parow-Panorama

Kleingroep en Huisgodsdienst riglyne

Sondag 23 Maart



Mens tot Mens

- Vertel vir die groep van 'n kompliment wat jy ontvang het of wat jy vir 'n ander persoon gegee het. Hoe het dit jou laat voel?
- Wat maak dit maklik/moeilik om vir iemand 'n kompliment te gee?

Mens tot God

- Steek 'n kers aan as simbool van God se teenwoordigheid
- Lees Psalm 23
- Lydenstyd is 'n tyd van eenvoud en afsondering. Ons ontdek dat God vir ons sorg. Maak 'n lys van die dinge wat God vir julle beteken?

God tot mens

1 Samuel handel oor die voorbereiding en die begin van die koningskap in Israel en eindig met die dood van Saul, die eerste koning. Dit bestaan uit drie dele of versamelings verhale:

- (a) Verhale oor Samuel en die ark (1:1–7:17);
- (b) Die verhale oor Samuel en Saul (8:1–15:35);
- (c) Verhale oor Saul en Dawid (16:1–31:13) waarin hulle in kontras met mekaar gestel word. In 1 Samuel 15:34-16:3 word spesifiek verduidelik hoedat dit gekom het dat Dawid in die plek van Saul koning geword het.

Dié verhaal beklemtoon dat die Here nie toegelaat het dat die koninkryk van Israel saam met die eerste, mislukte koning daarvan, tot 'n val sou kom nie. Die Here bly steeds aktief betrokke by Sy koninkryk. In die verhaal is dit dan ook die Here, wat sien, stuur, kies en laat self.

Lees saam 1 Samuel 16:1-13

1. Probeer jouself in die verhaal inleef. Vra elkeen in die groep om in een van die karakters te klim. Neem een van die karakters aan en probeer jou indink hoe hulle moes voel, dink, ervaar. Gesels bietjie vanuit jou karakter met die groep oor jou ervaring. (Die verskillende karakters is: Samuel, Isai, Saul, die broers – Eliab, Aminadab, Samma, Dawid). Vertel vir mekaar wat in die verhaal jou opgeval het.
2. Die verhaal gaan oor die uitverkiesing en salwing van Dawid. Wat was die kriteria vir sy uitverkiesing? Wat wil God vir my en jou hierdeur se?
3. Gesels oor die volgende aanhaling:
Prof Willie Jonker skryf: *“Die koninkryk van God het 'n snaakse mannekrag-beleid. Oral in die wêreld geld dit dat kragtige figure en persoonlikhede gesoek word vir die werk. Maar in God se werk soek Hy nie na die sterkste persoonlikhede en grootste*

presteerders nie: Hy soek juis diegene wat swak is in hulleself, selfs die armes van gees”.

4. Hoe kyk ons na mense om ons? Hoe kies ons mense vir die diens van die God se koninkryk? Wat is die kriteria wat ons aan mense stel? Wat is die kriteria wat God aan mense stel?

Mens tot medemens

Geloofsgewoontes is om ons daarin te oefen om bewus van God te leef.

Met hierdie geloofsgewoonte leer ons om die stem, leiding en teenwoordigheid van God in ons alledaagse lewe raak te sien. Hierdie gewoonte skep ’n dieper bewussyn van God se wil vir ons lewe.

- Wie is die mees onwaarskynlike mense wat om ons leef, waarna God ons stuur?
- Hoe kan ons meer bewustelik leef om hulle raak te sien?

Dink-dinge:

1. Neem aan die einde van elke dag, die dag in oënskou. Dink terug aan oomblikke waar jy liefde ontvang of gegee het. Waar was jy bewus van die Here se teenwoordigheid?
2. Reflekteer oor die hoogte- en laagtepunte van die dag. Hoe nooi die Here jou om te bid oor die hoogte- en laagtepunte voordat jy aan die slaappraak?
3. Steek ’n kers aan en raak bewus van die Here se teenwoordigheid. Plaas jou hand op jou hart en vra die Heilige Gees om daardie oomblik van die dag waarvoor jy die dankbaarste is vir jou uit te wys. Sê dan vir die Here dankie daarvoor.

Doen-dinge:

1. Hoe kan jy iemand anders help om die teenwoordigheid van God raak te sien? Hoe sien jy gewoonlik God se teenwoordigheid raak? Hoe reageer jy op sy teenwoordigheid? Dink aan praktiese maniere om diegene om jou hiermee te help.
2. Wat het die Here die afgelope ses maande in jou lewe gedoen? Gaan kuier by iemand die week en vra hom/haar die vraag en probeer luister na waar jy God se teenwoordigheid in sy/haar lewe raaksien. Erken dit en dank die Here daarvoor in gebed saam met die persoon.
3. Dink aan die vrug van die Gees. Waar, dink jy, wil die Here dit gebruik om sy teenwoordigheid vir ander deur jou te wys? Hoe kan die Here sy teenwoordigheid deur jou meer sigbaar maak? Dink prakties!

Voorbidding

- Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het.
Dank God daarvoor.